

God is vir ons 'n toevlug

In Psalm 46 weerklink 'n pragtige loflied waarin God se grootheid in die natuur, in die verloop van die geskiedenis en die tydperk daarna tot aan die voleinding van die wêreld besing word. Die lied kom uit die kring van die tempelsangers en daar heers 'n opgewondenheid en verwagting oor die toekoms. Oud en jonk word opgeroep word om saam te sing. Luther het te midde van geweldige storms van vervolging in sy lewe hierdie lied in sy hart gehad. Hierdie psalm was die aanleiding tot sy eie lied “'n Vaste burg is onse God” (vgl. Liedboek, 476).

Die Psalm het oorspronklik 'n dieldeling gehad en dit het telkemale met “Sela” geëindig het. In die eerste verse (vs 2-4) word bely dat God 'n toevlug vir die gelowiges is, al gebeur daar rampe in die natuur. Die aarde kan maar buig en beef en die see kan maar skuim en klots. 'n Mens dink hier onwillekeurig aan die uitbarsting van 'n vuurspuwende berg wat tot geweldige natuurrampe kan lei. God sal ons altyd in sy trou beskut en by Hom sal ons veilig wees.

Dan word ons na die Godstad verplaas (vs 5-8). Jerusalem was in die dae voor die ballingskap beskou as die veiligste stad in Palestina. Alhoewel Jerusalem nie aan 'n rivier geleë was nie, kon die Godsvolk hier altyd kos kry om te eet en water om hulle dors te les. Hulle was ook veilig tussen die hoë mure as nasies met oorlog dreig. Ons kan vandag sê dat kerk met sy Woordverkondiging en ware Christusprediking 'n veilige skuilplek is teen die aftakelende kritiek van baie lasteraars.

In die laaste verse (vs 9-12) word die geskiedenislyn tot die einde van die dae deurgetrek. Dit het eskatologiese betekenis. Daar sal steeds teen die gelowiges fisiese en geestelike aanslae wees, maar weet dat God daar is en Hy sê:

“Ek heers met my gebod
oor alles onder My.

Erken my heerskappy”.

Sing: Psalm 46:1 (Totius), 3 (Cloete)

Prof FN Lion-Cachet (Emeritus)